Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2025

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

DATAGEDREWE VENNOOTSKAP MET DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RUIMTE-AGENTSKAP (Sansa)

Munisipaliteit Overstrand het 'n vennootskap met Sansa aangegaan om meer intensief te kyk na data- en tegnologieprojekte wat tot voordeel van die streek sal strek.

Een van die inisiatiewe wat tans ondersoek word, is 'n Datasentrum wat data verwerk, stoor en versprei. Sentrums soos hierdie is onontbeerlik vir die digitale ekonomie aangesien hulle aanlyn ondernemings en datagedrewe tegnologieë steun.

Archie Klaas (Uitvoerende Burgemeester) en Clinton Lerm (burgemeesterskomiteelid vir infrastruktuurdienste, wat ook hierdie inisiatief gaan lei) het onlangs met Sansa se HUB en uitvoerende direkteur: ruimtewetenskap, Humbulani Mudau en Raoul Hodges, vergader om die weg vorentoe te bespreek.

DIE KOLLIG VAL OP OVERSTRAND

GASHERE VIR SPACE20 EN DIE P20

S20 SOUTH AFRICA 2025 SCIENCE Climate Change and Well-being

Overstrand is gaande daaroor dat twee hoëvlak-G20-geleenthede hier gehou gaan word. Die Groep van Twintig (G20) gaan internasionale leiers na ons streek bring wat die toenemende rol wat Overstrand in globale innovasie vervul, sal beklemtoon. Dis ook heel gepas dat hierdie geleenthede saamval met Toerismemaand wat aan ons 'n unieke geleentheid bied om Overstrand se natuurskoon en wêreldgehalte-gasvryheid te "bemark" aan 'n gehoor wat van oral in die wêreld kom.

Vanaf 1 tot 3 September 2025 gaan die 6de Vergadering van Ruimte-ekonomieleiers (SELM) by die Arabella Hotel & Spa naby Kleinmond gehou word. Hierdie geleentheid is deel van die Space20-gesprekvoeringsgroep onder Suid-Afrika se G20-presidentskap en word deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimteagentskap (Sansa) gekoördineer en behels 'n reeks vergaderings met 'n fokus op die gebruik van ruimtetegnologie ter ondersteuning van inklusiewe en volhoubare ontwikkeling.

Overstrand is gekies nie bloot net omdat dit oor die kapasiteit beskik om hoëvlak- internasionale geleenthede aan te bied nie maar ook weens sy strategiese ligging te midde van 'n toekomstige ruimtehub. Ingesluit by hierdie hub is Sansa se internasionaal erkende Ruimtewetenskapfasiliteit in Hermanus, die enigste plek in Afrika waar mens 'n magneties-vrye navorsingsomgewing en 'n geakkrediteerde Ruimteweersentrum sal aantref. Die ruimtehub omvat ook 'n snelgroeiende ruimte-industrie, hoofsaaklik gebaseer in Stellenbosch en Somerset-Wes, wat in die vervaardiging van komponente vir satelliete spesialiseer. Voorts word die satellietintegrasiefasiliteit naby Grabouw tans opgegradeer, en die lanseringsvermoë in Arniston is geoormerk vir verdere uitbreiding.

Later in September, gaan die 11de Beraad van Parlementêre Speakers (P20) ook by Arabella plaasvind. Afgevaardigdes gaan dialoë aanknoop ter bevordering van inklusiewe groei, menseregte en volhoubare ontwikkeling – wat daarop neerkom dat hierdie nie 'n blote byeenkoms is nie, maar 'n uiters belangrike stap in die rigting van 'n regverdiger toekoms is. Hierdie beraad sal voorafgegaan word deur die Samekoms van Vroulike en Jong Parlementariërs.

OVERSTRAND BEKROON VIR UITNEMENDE AFVALBESTUUR

Die verowerde trofee en sertifikaat vir die wenners van die Munisipale Erkenningsprogram vir Afvalbestuur in die Wes-Kaap word trots vertoon deur onderburgemeester en burgemeesterskomiteelid vir beplanning en ontwikkeling, Elnora Gillion, en senior ingenieur vir afvalbestuur, Craig Mitchell, met die departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning se hoofdirekteur: omgewingsgehalte, Gottlieb Arendse, en direkteur: afvalbestuur, Saliem Haider, aan weerskante. Hierdie erkenning vier Overstrand se verbintenis tot volhoubare afvalpraktyke – 'n trotse prestasie vir die span en die gemeenskap.

VERBETERDE SOEKFUNKSIONALITEIT OP www.overstrand.gov.za

Munisipaliteit Overstrand maak met genoeë bekend dat die soekfunksie op sy amptelike webtuiste – www.overstrand.gov.za – aansienlik verbeter is.

Soekresultate is nou netjies in drie kategorieë gegroepeer: *Documents, Notices/Advertisements*, en *Articles*. Dit beteken dat gebruikers nou makliker kan vind waarna hulle soek, sonder dat dit nodig is om deur 'n lang lys gemengde resultate te soek. 'n Nuwe uitleg met oortjies stel besoekers in staat stel om vinnig tussen tipe inhoud te wissel, met die getal resultate wat vir elke seksie gewys word.

Die opgegradeerde stelsel maak beide volle sleutelwoordsoektogte en gedeeltelike woordsoektogte moontlik wat gebruikers help om ter saaklike inhoud op te spoor selfs al het hulle nie die presiese bewoording nie. Resultate word van die mees onlangse tot die oudste gewys; die mees resente inligting verskyn dus eerste.

Vir groter stelle resultate maak verbeterde navigasienutsmiddels dit nou moontlik om makliker op 'n georganiseerde en gebruikervriendelike wyse deur dokumente te blaai.

Hierdie bywerkings is deel van volgehoue pogings om Munisipaliteit Overstrand se aanlyn dienste meer toegangklik en doeltreffend vir inwoners te maak.

VERVANGING VAN ASBESSEMENTPYPE IN WATERINFRASTRUKTUUR

Soos in baie munisipaliteite in Suid-Afrika (om die waarheid te sê, oral in die wêreld) is asbessement- (AS-) pype steeds deel van ouer waterinfrastruktuur in die Overstrand.

Alhoewel internasionale en plaaslike navorsing (ingeslote assesserings deur die Wêreldgesondheidsorganisasie) konsekwent bevind het dat asbesvesel in drinkwater geen beduidende gesondheidsrisiko inhou nie, gaan Munisipaliteit Overstrand nogtans voort om die sistematiese vervanging van hierdie verouderde pype met moderne, hoëdigtheidspoli-etileen alternatiewe te prioritiseer.

OVERSTRAND SE PYPVERVANGINGSPROGRAM

- Munisipaliteit Overstrand wys jaarliks aansienlike hulpbronne toe aan die modernisering van sy waterinfrastruktuur.
- Gemiddeld word R10 miljoen per jaar aan pypvervanging bestee, met 'n sterk fokus op die vervanging van AS-pype.
- Vir die 2025/26-boekjaar is hierdie begroting tot R13,5 verhoog.
- Gelyklopend is die munisipaliteit aktief besig om alternatiewe bronne van befondsing te verken ten einde die pypvervangingsprogram te versnel.
- Die langtermyndoelwit is om PS-infrastruktuur ten volle uit te faseer, onderworpe aan befondsing en projekprioritisering.

VEILIGE HANTERING VAN EN WEGDOENING MET ASBES

Die munisipaliteit bied gereeld vaardigheidopknappings- en opleidingsprogramme aan om te verseker dat personeel toegerus is om gevaarhoudende materiaal veilig te hanteer. Heel onlangs, vroeg in Mei vanjaar, het 23 munisipale personeellede van oral in die Overstrand gesertifiseerde asbesbewusmakingsopleiding in medewerking met die nasionale departement van indiensneming en arbeid ondergaan.

As deel van hierdie veiligheid-eerste-benadering, doen ons loodgieterspanne hul bes om, in die geval van 'n gebarste pyp, die volle lengte van 'n asbessementpyp te verwyder eerder as om daarin te sny. Hierdie is 'n voorsorgmaatreël om die vrystelling van asbesvesel en -partikels in die lug te verhoed.

Wanneer 'n asbessementpyp vervang word, word daar van aangestelde kontrakteurs verwag om streng veiligheidsprotokolle, ooreenkomstig nasionale gesondheid- en veiligheidsregulasies, na te volg.

Dieselfde vereistes geld vir ander asbesbevattende materiale wat algemeen in die bou-omgewing voorkom, soos dakbedekkings, geute en ander strukturele komponente. Alle werk van hierdie aard moet aan die Asbesverminderingsregulasies, 2020 (GG43893) en die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid voldoen.

- Slegs kontrakteurs wat by die departement van arbeid geregistreer is, mag Tipe 2- of Tipe 3-asbesverwante werk verrig.
- Dit geld vir beide ondergrondse infrastruktuur en asbes in geboue, soos dakplate, plafonborde, fassieplanke of bekleding.
- 'n Geregistreerde asbeskontrakteur moet vir enige asbesverwante verwyderings-, herstel- of wegdoeningswerk aangestel word.
- 'n Aansoek vir 'n slopingspermit moet by die tersaaklike boubeheerkantoor ingedien word. Hierdie aansoek moet die details insluit van die geregistreerde asbeskontrakteur wat van voorneme is om die slopingswerk te voltooi.

Munisipaliteit Overstrand bly daartoe verbind om die veiligheid van sy inwoners en werkers, die betroubaarheid van sy infrastruktuur en nakoming van alle tersaaklike nasionale regulasies met betrekking tot asbesbevattende materiale te verseker.

Ontplooiing van AARTO in Overstrand begin April 2026

AARTO – 'n akroniem vir die *Administrative Adjudication of Road Traffic Offences* – beoog om die bestuur van verkeersoortredings regdeur Suid-Afrika te sentraliseer. Dit vervang verskeie plaaslike verkeers-boetestelsels met 'n enkele nasionale platform en stel 'n nuwe nasionale strafpuntstelsel in ter bevordering van padveiligheid.

AARTO-implementering, sonder die strafpuntstelsel, gaan op 1 Desember 2025 'n aanvang neem en gaan in alle munisipaliteite en metro's ingefaseer word soos per die promulgasie wat deur die President onderteken is.

Die nasionale departement van vervoer het 1 April 2026 geïdentifiseer as die datum waarop implementering van die AARTO-wet deur Munisipaliteit Overstrand 'n aanvang moet neem.

Voorbereidings word reeds getref, insluitende:

- Opleiding van verkeersbeamptes en administratiewe personeel
- Agterkantoorgereedheid en voldoening
- Ontplooiing van IT-toerusting
- Integrasie met NaVIS en netwerkkonnektiwiteit

Hierdie stappe maak deel uit van die beplannings- en ontplooiingsproses om die doeltreffende en nakomende implementering van hierdie wet in die munisipaliteit te verseker.

Een van die vernaamste voordele van die AARTO-stelsel is sy gesentra-liseerde digitale platform. Motoriste sal alle uitstaande boetes op een plek kan bekyk, kan kyk of enige afslag van toepassing is en sal kan betaal deur gebruik te maak van 'n hele rits toeganklike metodes. Maandelikse kennisgewings sal motoriste ingelig hou oor nuwe oortredings.

Hoe gaan dit werk?

- Elke motoris begin met zero strafpunte op hul lisensie.
- Strafpunte word toegeken gegrond op die tipe verkeersoortreding wat begaan is.
- Ophoping van meer as 15 punte sal 'n drie-maande-opskorting van die lisensie vir elke punt bó die limiet tot gevolg hê.
- Twee of meer opskortings sal die algehele kansellasie van die lisensie tot gevolg hê, wat die motoris sal verplig om opnuut deur die hele lisensiëringsproses te gaan om 'n rybewys te bekom – beginnende by die kry van 'n leerlingslisensie.
- Geringe oortredings, soos laevlak-spoedoortredings, kan 'n verlies aan een of twee punte tot gevolg hê.
- Ernstige oortredings, soos om 'n stopteken te ignoreer, nie verkeersligte te gehoorsaam nie, nie 'n nommerplaat te hê nie, het tipies twee strafpunte tot gevolg.
- Hierdie reëls geld ook vir voertuigoperateurskaarte, nie net vir individuele rybewyse nie.

GESLAGSGEBASEERDE GEWELD

Onderskraging van ons gemeenskappe om hulle van hierdie plaag te bevry

In die loop van Vrouemaand is die vraag aan Munisipaliteit Overstrand gestel of hy enigsins 'n program in plek het wat op geslagsgebaseerde geweld afgestem is. In reaksie op dié vraag, het munisipale bestuurder Dean O'Neill as volg geantwoord:

"Selfs al is geslagsgebaseerde geweld (GGG) nie 'n kernmandaat van plaaslike owerhede nie, doen Overstrand alles in sy vermoë om die betrokke departemente, gemeenskapsgebaseerde organisasies en plaaslike wetstoepassers te ondersteun.

Met hierdie doel voor oë, het ons 'n amptenaar aangestel om GGG as 'n spesiale projek te behartig. In die afgelope boekjaar het hierdie amptenaar sewentien GGG-bewustheids-uitreike gereël en Overstrand se deelname aan vyf geleenthede as deel van die "16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld Teen Vroue en Kinders" -veldtog gefasiliteer.

Voorts neem afgevaardigdes van ons wetstoepassings- en -maatskaplikedienseenhede deel aan 'n departement van gesondheidsgedrewe, multi-belanghebbergroep wat net een doel voor oë het: om geweld te verhoed.

Hierdie deelname het daartoe gelei dat die "Community GBV Dialogue" in Zwelihle in Julie vanjaar geïnisieer is en plaasgevind het.

Ons wetstoepassers ondergaan ook tans gespesialiseerde opleiding sodat hulle meer bedag sal wees op hoe daar met slagoffers gehandel behoort te word, en die departement van gemeenskapsveiligheid (in vennootskap met maatskaplike ontwikkeling) is op die oomblik besig om dertig GGG-ambassadeurs op te lei.

Munisipaliteit Overstrand is maar al te bewus daarvan dat bevryding van ons gemeenskappe van die GGG-plaag heelwat meer gaan verg as om blote bewustheid te skep. Ons moet die gapings identifiseer en daarvan werk maak.

Om te verseker dat toereikende dienste in die beste belang van die slagoffer gebied word, is dit uiters belangrik dat alle betrokkenes – met inbegrip van gemeenskapsgebaseerde organisasies, polisiebeamptes, die howe en diegene wat nasorg bied – ten volle verstaan wat hulle rol in die behartiging van dikwels gekompliseerde gevalle is.

Met hierdie doel voor oë, is Munisipaliteit Overstrand van voorneme om meer dialoë met alle betrokkenes – ingeslote gemeenskappe – aan te knoop.

GGG raak alle gemeenskappe. As ons die samelewing van hierdie plaag wil bevry, moet almal van ons saamstaan om ons vroue te beveilig.

Daar is nog so baie wat gedoen moet word. Kom ons dra almal ons deeltjie by om eens en vir altyd 'n einde aan hierdie plaag te maak."